

## DIE POLITIEKE VERTEENWOORDIGING VAN SWART ORGANISASIES IN DIE ORANJERIVIERKOLONIE, 1900—1910

C J P le Roux

*Universiteit Vista, Bloemfontein-kampus*

Die Anglo-Boereoorlog (1899—1902) het die politieke aspirasies van die Swart bevolking van die Oranjerivierkolonie na die oppervlak gebring. Gedurende die voorafgaande republikeinse tydperk het die Blankes nooit met enige Nie-Blanke agitatie vir groter politieke, ekonomiese of maatskaplike regte te doen gekry nie.<sup>1</sup>

Die verhouding van Blank tot Nie-Blank het in die republikeinse tydperk nog hoofsaaklik om 'n landelike arbeidsvraagstuk gesentreer, soos dit trouens ook in die ander Suid-Afrikaanse gebiede die geval was. Tekens van 'n breëre Nie-Blanke vraagstuk was egter reeds in die laaste twintigtal jare van die Vrystaatse Republiek aanwesig. Dié ontwikkeling kan toegeskryf word aan die verstedeliking van die Nie-Blankes wat na die Anglo-Boereoorlog verder toegeneem het en aan enkele "geleerde" Nie-Blankes vanuit die sendingskole wat begin weier het om hulle met die posisie van bloot arbeider en onderdaan te vereenselwig.<sup>2</sup>

Swart leiers in die Vrystaat het die seëvierende Britse militêre magte wat die republiek op 24 Mei 1900 geannekseer het, as hulle bevryder van die Boerejuk gesien. Die feit dat die Britse militêre owerhede hulle as gelykes behandel het, aan hulle burgerregte en kompensatie vir oorlogsverliese belowe het, het die wanindruk by die Swartes geskep dat die imperiale regering hulle ten koste van die verslane Boere sou bevoordeel.<sup>3</sup> Dit was hoofsaaklik die geskoolde Nie-Blanke wat hom aan 'n "brutale" en "meerderwaardige" houding skuldig gemaak het. Die volgende woorde was tipies van die Nie-Blankes wat hulleself in 'n hoër posisie geag het as die verslane Boer: "Julle is slaven. Julle durft ons niet meer aan te raken; de Engelschen sullen ons beschermen".<sup>4</sup> Hulle het in die bewindsaanvaarding van die Britse gesag die koms van 'n nuwe politieke bedeling vir die Nie-Blankes gesien.

Die Swart leiers het egter nie rekening gehou met die vredesreëlings van Vereniging in Mei 1902 nie. Die Boereleiers het naamlik daarin geslaag om hoë kommissaris Alfred Milner te oorreed om die oplossing van die vraagstuk van Nie-Blanke politieke regte, soos stemreg, aan die toekomstige verantwoordelike regering van die kolonie oor te laat. Dié bepaling is opgeneem in artikel 8 van die vredesooreenkoms.<sup>5</sup> Die lot van die Nie-Blanke stemreg is hiermee verseël. Die Boere het in der waarheid daarin geslaag om die voorwaardes waarvolgens selfregering later verleen sou word, aan die Britse regering voor te skryf.

Terwyl die oorlog volstoom aan die gang was, het sekere Swart leiers onder in-

- 
1. Vgl. H J van Aswegen, *Die Verhouding tussen Blank en Nie-Blank in die O V S 1854—1902 (Argiefjaarboek vir S.A. Geskiedenis, 1971, 1), pp 376 e.v.*
  2. *Ibid.* Vir getalle van Nie-Blanke verstedeliking sien ook ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif van C J P le Roux, *Die Verhouding tussen Blank en Nie-Blank in die Oranjerivierkolonie 1900—1910 (R A U, 1980), pp 20—26.*
  3. Vgl. hoofstuk 1 van die proefskrif.
  4. *The Friend, 23.6.1903.*
  5. F B Bridgman, 'The Native Franchise in the Union of South Africa' (D.Phil.-proefskrif, University Microfilms, Michigan, 1968), pp 90—91.

vloed van die nuwe Britse bewind, die geleentheid benut om vir politieke regte te agiteer.<sup>6</sup> Daar was ten minste vyf Nie-Blanke politieke organisasies in die kolonie, naamlik die *O R C Native Congress*, die *O R C Native Association* wat aanvanklik die *O R C Native Vigilance Association of Vigilance Committee* genoem is, die *Becoana Mutual Improvement Association*, die *Native Committee* ('n Barolongorganisasie wat slegs in Bloemfontein en Thaba Nchu-distrik geopereer het), en die *African Political Organization*.<sup>7</sup>

Die doel van die organisasies het duidelik uit artikel 11 van die hersiene grondwet van die *O R C Native Association* gespreek: "To further the interests of His Majesty's native subjects in this Colony materially, socially, politically and religiously".<sup>8</sup> Waar die Britse regering aan die hand van hoë kommissaris Milner gefaal het, sou die Nie-Blanke politieke organisasies poog om op nasionale sowel as plaaslike vlak 'n beter politieke bedeling vir die Nie-Blankes te beding.

Deur middel van openbare optrede, agitاسie en petisies aan die plaaslike en sentrale owerhede en selfs die imperiale regering, het die organisasies probeer om hulle oogmerke te verwesenlik. Die organisasies het dikwels ook die ondersteuning van die pers gehad om hulle saak te propageer. Die Swart koerant van Betsjoeanaland, *Koranta ea Becoana*, wat in Mafeking verskyn het, met sy redakteur S T Plaatjie, was ook altyd gereed om die Nie-Blanke organisasies van die kolonie te ondersteun.<sup>9</sup> Die Blanke koerant, *The Friend*, het hom ook aan die kant van die Nie-Blankes geskaar wanneer gemeen is dat daar onregverdig teenoor hulle opgetree is, veral wanneer dit munisipale sake soos belastings gegeld het.<sup>10</sup>

Die *O R C Native Association* het waarskynlik oor die mees uitgebreide organisasie beskik.<sup>11</sup> Op 'n jaarlikse kongres is 'n voorsitter of president, 'n ondervoorsitter, 'n sekretaris, tesourier en 'n komitee van vyf lede aangewys. Die ampsdraers en die komitee van vyf lede het die uitvoerende komitee gevorm wat verantwoordelik was vir die uitvoering van opdragte wat op die jaarkongres aanvaar is. Om effektief in die nuwe kolonie op te tree, het die grondwet van die organisasie ook voorsiening gemaak vir die stigting van takke met hulle eie uitvoerende komitees. Hierdie sub-uitvoerende komitees het met die munisipale owerhede geskakel, terwyl die uitvoerende komitee met die sentrale regering en, waar nodig, met die imperiale regering in Londen geskakel het.<sup>12</sup>

Die eerste daadwerklike reaksie van Nie-Blanke kant binne die nuwe politieke opset wat deur die oorlog teweeggebring is, het egter van die *Native Committee* ge-

6. Argief van Koloniale Sekretaris in Vrystaatse Argiefbewaarpark (hierna C O), C O 292, lêernr. 4573/03: C le Camp aan Resident-magistraat Bethlehem, 4.7.1903; Argief van Goewerneur in Transvaalse Argiefbewaarpark (hierna T G), T G 373, lêernr. 4485/02: Deputasie Native Committee, 4.4.1902, p 5.

7. C O 653, lêernr. 2606/06. Petisie Vigilance Committee, 23.6.1906, pp 1—4; C O 946, lêernr. 1278/2/1908—1910: Fischer aan Goold-Adams, 8.10.1908; Argief van Goewerneur in Vrystaatse Argiefbewaarpark (hierna G), G 109, lêernr. 444/1/1908: Fischer aan Goold-Adams, 8.10.1908, pp 181—185; J S Marais, *The Cape Coloured People 1652—1937* (Johannesburg, 1962), p 276. Die rol wat die African Political Organization, hoofsaaklik 'n Kleurlingorganisasie, in die kolonie gespeel het, word buite rekening gelaat aangesien daar min Kleurlinge in die kolonie woonagtig was en die Swart organisasies 'n oorheersende rol gespeel het. Daar sal slegs terloops na die organisasie verwys word.

8. C O 886, lêernr. 667/1908—1910: Revised Constitution O R C Native Association, 22.10.1907, p 1.

9. Vgl. C J P le Roux, *Die Verhouding tussen Blank en Nie-Blank in die Oranjerivierkolonie 1900—1910* (Ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif, R A U, 1980), pp 209—218.

10. *Ibid.*

11. C O 886, lêernr. 667/1908—1910: Revised Constitution O R C Native Association, 22.10.1907, pp 1—5. By gebrek aan inligting oor die organisasie van die ander Swart O R K-partye, is volstaan met die organisasie van genoemde party.

12. *Ibid.*, arts. III, IV, VI en VII, pp 1—2.

kom. Hierdie organisasie met sy leier, J D Goronyane, wat die Barolong van Thaba Nchu- en Bloemfontein-distrik verteenwoordig het, het in 'n petisie van Maart 1902, die aandag van luitenant-goewerneur H Goold-Adams daarop gevestig dat die Swartmense geen verteenwoordiging in die sentrale regering gehad het nie; nie deur middel van Blankes of Nie-Blankes nie. Hulle het aangevoer dat daar honderde Swartmense was wat kennis en ervaring van die regte van Britse onderdane gehad het. Hulle was sendinggeskoolde Swartes en lojaal aan die Britse regering.<sup>13</sup>

Luitenant-goewerneur Goold-Adams het die Barolongverteenwoordigers se aandag gevestig op die feit dat die Oranjerivierkolonie nou 'n kroonkolonie was. Daar sou dus vir 'n geruime tyd nie 'n verkose vergadering wees nie. Hulle is egter die versekering gegee dat wanneer die geleentheid daar is, daardie Nie-Blankes wat volgens beskawingsvereistes vir stemreg gekwalifiseer het, oor dieselfde geleentheid as enige ander persoon sou beskik om verteenwoordigers vir hulle onderskeie distrikte, dorp of wyk te kies. Intussen moes hulle soos die praktyk onder die vroeëre republikeinse bewind was, hulle versoeke en griewe deur middel van petisies en afvaardigings onder die aandag van die regering bring. Dit is in die verlede al bewys as 'n doeltreffende vorm van belange-verteenwoordiging in die regering.<sup>14</sup>

Die geleentheid wat Goold-Adams in die vooruitsig gestel het, sou egter nooit werklikheid word nie. Dit het reeds in Maart 1903 uit die woorde van Joseph Chamberlain, Britse Minister van Kolonies, geblyk toe hy aan 'n Nie-Blanke afvaardiging wat die sogenaamde "white and coloured races" van die Oranjerivier- en Transvaalkolonie verteenwoordig het, gesê het dat die vraagstuk van politieke regte volgens artikel 8 van die Vereenigingse vredesooreenkoms by die Blankes van die twee kolonies berus.<sup>15</sup>

Die negatiewe houding wat die Britse owerheid teenoor Nie-Blanke politieke regte ingeneem het, het organisasies oor die hele Suid-Afrika aangespoor om deur middel van petisies en ander kwasi-grondwetlike demonstrasies die Nie-Blankes van die wetlike beperkings op stemreg te onthef.<sup>16</sup>

Gedurende die eerste helfte van 1906, 'n jaar voordat selfregering aan die Oranjerivierkolonie verleen is, het daar van twee Swart politieke organisasies, te wete die *O R C Native Congress* en die *O R C Native Association* en twee petisies van groepe wat hulleself "His Majesty's loyal Native Subjects" noem, ernstige beroepe na sowel die regering wat die Oranjerivierkolonie as die imperiale regering uitgegaan om verteenwoordiging in die sentrale regering aan die Nie-Blankes van die kolonie te gee. Hulle was nie bereid om te wag totdat selfregering in 1907 verleen word, wanneer hulle politieke posisie dan in ooreenstemming met artikel 8 van die Vereenigingse vredesooreenkoms in heroeweging geneem sou word nie.<sup>17</sup>

Die Swart organisasies was bereid om deur Blankes in die sentrale regering verteenwoordig te word ten einde enige konfrontasie met Blankes op regeringsvlak te ver-

13. T G 373, lêernr. 53. Goold-Adams aan Administrateur (Petitions Native Population O R C), 18.3.1902, p 1; Milner Papers, F K 1053: Petisie J D Goronyane aan Resident-magistraat Thaba Nchu, 22.7.1902, p 156 en J F van Iddekinge aan Koloniale Sekretaris, 23.7.1902, p 154.
14. T G 373, lêernr. 53: Goold-Adams aan Administrateur (Reply Deputy Administrator to Native Committee), 18.3.1902, pp 4–5.
15. *The Friend*, 3.3.1903.
16. *The Bloemfontein Post*, 3.5.1905. Hoofartikel, en 5.5.1905. Hoofartikel.
17. Mikrofilms van dokumente van Public Record Office, Londen, in Vrystaatse Argiefbewaarplek (hierna P R O), P R O mikrofilm A 183, C O 224/22, doknr. 9609/06: D W Drew aan J Bryce, 19.2.1906, pp 396–397; C O 653, lêernr. 2606/06. Petisie Vigilance Committee, 23.6.1906, pp 1–6; C O 886, lêernr. 667/1908–1910: Revised Constitution O R C Native Association, 22.10.1907, pp 1–2; G 67, lêernr. 183: Revised Constitution O R C Native Vigilance Association (ongedateer), pp 30–34; P R O mikrofilm A.181, C O 224/21, doknr. 38685/06: Petition loyal Native Subjects of His Majesty Edward VII (Selborne aan Elgin, 1.10.1906), p 344.

my. Soos in die konstitusie van die *O R C Native Association* bepaal is, was dit hulle strewe om vriendskaplike verhoudinge tussen Blank en Nie-Blank in die kolonie te bevorder.<sup>18</sup>

Die *O R C Native Congress* het egter geredeneer dat verhoudinge tussen Blank en Swart in die toekoms baie kon verbeter indien hulle in staat gestel word om Swart mense vir die Blanke parlement te kies. Die Swart party het na D W Drew, redakteur van *The Friend* en bekend as kampvegter van Nie-Blanke belange, verwys. Drew was ten gunste van die verteenwoordiging van Nie-Blankes in Blanke rade, mits hulle daarvoor gekwalifiseer het.<sup>19</sup> Hy het na genl. J B M Hertzog verwys wat volgens hom ook hierdie beginsels onderskryf het. Hertzog, destyds een van die invloedrykste persone in Afrikanergeledere in die kolonie, sou na bewering bereid wees om die Nie-Blankes deur middel van een of ander vorm van verteenwoordiging te laat deelneem aan die regering van die kolonie, sodat die Nie-Blankes kon voel dat hulle ook oor burgerregte beskik.<sup>20</sup>

Dit het egter uit die antwoord van die koloniale kantoor in Londen op die petisies van die Swart partye vir stemreg in die komende verantwoordelike regering, geblyk dat die toekoms vir Nie-Blanke politieke regte duister was. Dit was naamlik in die lig van artikel 8 van die Vereenigingse vredesooreenkoms nie moontlik om in die konstitusie vir verantwoordelike bestuur vir die verteenwoordiging van Nie-Blankes in die sentrale regering van die Oranjerivierkolonie voorsiening te maak nie. Volgens luitenant-goewerneur H Goold-Adams, wat die koloniale kantoor geadviseer het, sou die Blankes in elk geval nooit Nie-Blanke stemreg in die regeringsliggame goedkeur nie, aangesien dit noodlottige gevolge vir die kolonie en sy inwoners sou inhou.<sup>21</sup> Op aanbeveling van Goold-Adams het die imperiale regering ook die alternatiewe versoek van die partye, naamlik om die Departement van Nie-Blanke Sake ná die verlening van selfregering onder die direkte beheer van die imperiale regering te hou, as onnodig en onwenslik beskou. Só 'n toegewing sou die Nie-Blankes nog geen stem in die regering gee nie, maar eerder die toekomstige datum waarop hulle stemreg sou verkry, uitstel.<sup>22</sup>

Die Swart organisasies was teleurgesteld oor die negatiewe houding van die imperiale regering van wie hulle soveel verwag het: "The Native Congress ... feels called upon to record its deep regret at the apparent decline of British views in the treatment of the Native Question from those high standards which were once the pride and the crown and the glory of British statemanship".<sup>23</sup> Die *Native Congress* het die bejammerenswaardige toestand waarin Nie-Blanke sake op die vooraand van selfregering vekeer het, gewyt aan die verslappende houding van die imperiale regering. Voorheen het die imperiale faktor nog altyd 'n kalmerende invloed op die twee rasse in Suid-Afrika uitgeoefen. Die regering van die Oranjerivierkolonie is daarvan beskuldig dat hy die vetoreg van die imperiale regering oor koloniale aangeleenthede, wat so 'n

18. G 67, lêernr. 183: Revised Constitution O R C Native Vigilance Association (ongedateer), pp 32–33.

19. P R O mikrofilm A 183, C O 224/22, doknr. 9609/06: D W Drew aan J Bryce, 19.2.1906, p 396.

20. *Ibid.*, p 397.

21. C O 666, lêernr. 2899/06: Goold-Adams aan Onderminister van Kolonies, 28.11.1906, pp 1–3 en Elgin aan Selborne, 1.2.1907.

22. *Ibid.*, Goold-Adams aan Onderminister van Kolonies, 28.11.1906, pp 2–3 en G 20, lêernr. 35/16: J Mocher (e a) aan The King, 21.6.1909, p 87.

23. Dokumente van Government House in Kaapse Argiefbewaarplek (hierna G H), G H 35/85: Resolutions of S.A. Native Congress, 10.4.1906 (Dokument: Extract of Resolution A, B, The Native Question).

belangrike rol in die verhouding tussen die Nie-Blankes en die imperiale regering gespeel het, oor die hoof gesien het.<sup>24</sup>

Verteenwoordiging van die Nie-Blankes op plaaslike vlak, is ook deur die Swart politieke organisasies aangeval. Die munisipale verordeninge was op die vooraand van selfregering die Nie-Blankes se grootste grief. Die verordeninge het, soos op sentrale vlak, nie vir stemreg aan die Nie-Blankes voorsiening gemaak nie. Vier Swart organisasies, naamlik die *O R C Native Congress*, die sogenaamde *His Majesty's loyal Native Subjects in the Orange River Colony*, die *Native Vigilance Committee* en die sogenaamde *Petition of loyal Subjects of His Majesty Edward VII*, het in 1906 'n beroep op die regering gedoen om aan die Swartes stemreg in die munisipale rade van die kolonie te verleen.<sup>25</sup>

*His Majesty's loyal Native Subjects* het gewys op die duisende beskaafde en redelik geskoolde Swartes in die munisipale Swart woonbuurtes wat die gewoontes en praktyke van hulle stamtradisies afgewerp het. Hulle het na bewering volgens die reëls en vereistes van die Blanke beskawing geleef en elk minstens drie pond per maand aan munisipale belasting betaal. Desnieteenstaande is hulle enige direkte of indirekte aandeel in Nie-Blanke munisipale aangeleenthede ontsê. In die Kaapkolonie, waar die Nie-Blankes oor stemreg beskik het, het hulle nie eens ses sjielings aan belasting betaal nie.<sup>26</sup>

In 'n poging om die Nie-Blankes op plaaslike vlak tegemoet te kom, het luitenant-goewerneur Goold-Adams 'n ontwerpordonnansie, die *Coloured Persons Representative (Municipal) Ordinance*, laat opstel en in Desember 1906 in die *Staatskoerant* laat publiseer. Die ordonnansie het vir die verteenwoordiging van Nie-Blanke belange deur middel van Blankes op munisipale rade voorsiening gemaak.<sup>27</sup> Twaalf petisionarisse van Jagersfontein wat ongeveer 700 Nie-Blankes verteenwoordig het, het hulle dank en waardering vir die ontwerp-ordonnansie betuig. Dit het hulle 'n gevoel van nuwe vertroue in die regering gegee.<sup>28</sup>

Vanweë die teenkanting van die oorgrote meerderheid munisipaliteite teen die ontwerpordonnansie, het die regering egter in Februarie 1907 besluit om nie verder daarmee voort te gaan nie. Die ordonnansie is slegs 'n eerste keer in die Wetgewende Raad gelees.<sup>29</sup>

Die voorsitter van die *O R C Native Congress*, ds. B Kumalo, het sy teleurstelling oor die besluit van die regering uitgespreek. Hy het ingesien dat die luitenant-goewerneur hulle saak goedgesind was, maar dat dit eintlik die teenkanting van die dorpsrade was wat die wetsontwerp op die rotse gedryf het.<sup>30</sup> Volgens die *Native Vigilance Committee* het die munisipaliteite sedert die val van die Vrystaatse Republiek baie verander: "They didn't know what the matter was with them (die munisipaliteite). They used to petition them in the olden times, but now they couldn't make out what it

24. *Ibid.*

25. P R O mikrofilm A 183, C O 224/22, doknr. 9609/06: D W Drew aan J Bryce, 19.2.1906, pp 396–397; Dokumente van Native Affairs Branch in Vrystaatse Argiefbewaarplek (hierna N A B), N A B 10, lêernr. 180/06: P H Gresson aan Q Dickson, 24.3.1906, pp 1–3; C O 653, lêernr. 2606/06: *Petition Native Vigilance Committee aan The King* (ongedateer); P R O mikrofilm A 181, C O 224/21, doknr. 38685/06: Selborne aan Elgin, 1.10.1906, p 344 (*Petition loyal Subjects of His Majesty Edward VII*).

26. C O 653, lêernr. 2606/06: *Petition Native Vigilance Committee* aan Luitenant-goewerneur, 23.6.1906, pp 11–12; N A B 10, lêernr. 180/06: P H Gresson aan Q Dickson, 24.3.1906, pp 1–2.

27. *Government Gazette* (Vrystaatse Argiefbewaarplek), 28.12.1906, pp 1823–1824.

28. C O 715, lêernr. 4077/2/06: *Petisionarisse Jagersfontein* aan Goold-Adams, 25.1.1907.

29. Publikasies van die Oranjerivierkolonie (hierna O R C), O R C 11, *Debates Legislative Council*, 23.2.1907, p 66.

30. G 51, lêernr. 103/07: D H Mapikela aan Q Dickson, 8.8.1907, p 162.

was, and therefore they expected the Government to protect them from the municipalities".<sup>31</sup> Ds. Kumalo het ook verder verklaar dat die *O R C Native Congress* nie op gelykheid met die Blankes aanspraak gemaak het nie, maar wel op die Blankes staatsgemaak het om hulle op te hef en te beskaaf. Hulle het geen ander vlag as die Britse begeer nie, want die Britse regering het hulle regverdig behandel.<sup>32</sup> Hulle het egter nou besef dat daar vir hulle min hoop op enige mate van verteenwoordiging in die plaaslike bestuur van die kolonie was.

Die grondwet van 1907 waardeur selfregering aan die Oranjerivierkolonie verleen is, het die Swart politieke organisasies opnuut aangespoor om hulle eise te stel. Omdat die Britse regering bewus was van die feit dat die Swartes nie stemreg kon ontvang sonder om artikel 8 van die Vereenigingse vredesooreenkoms te verbreek nie, is sekere klousules in die grondwet opgeneem om hulle belange te beskerm. Alle wetgewing rakende die Nie-Blankes is byvoorbeeld vir goedkeuring deur die Britse regering gereserveer.<sup>33</sup>

Die Uitvoerende Komitee van die *South African Native Congress* het die gereserveerde klousules waardeur, maar tog tot die gevolgtrekking gekom dat daar 'n verlaaging was van die hoë standaard waarvolgens Brittanje in die verlede Nie-Blanke aangeleenthede gehanteer het. Die gevolg was 'n verslapping van die wedersydse bande van lojaliteit. Spyt is ook uitgespreek oor die onvermoë van die N G Kerk om die negatiewe gevoel en houding van die Blankes teenoor die Nie-Blankes teen te werk.<sup>34</sup>

Die grondwet van 1907 het die Swartes dus weer aan die kortste end laat trek. Van hulle eise om stemreg het niks gekom nie, hoofsaaklik vanweë die genoemde artikel 8 van die Vereenigingse vredesooreenkoms wat die kwessie van Swart stemreg aan die toekomstige verantwoordelike regering van die kolonie vir uitsluitel oorgelaat het. Die algemene Blanke teenkating teen Swart stemreg en die vrees van die Britse regering dat hy die Blanke inwoners van die kolonie, van wie se samewerking die sukses van die koloniale regering afhanklik was, teen hom kan laat keer, het die Britse regering daarvan weerhou om Swart stemreg konstitusioneel af te dwing.

Die vraagstuk van die unifikasie of federasie van die Brits-Suid-Afrikaanse kolonies het sedert 1907 sterk op die voorgrond getree. Die Swartes was ten gunste van federasie. Dit was vir hulle die enigste uitvoerbare en aanvaarbare skema. In geval van 'n federale parlement kon die Swartes in die Kaapkolonie hulle bestaande politieke regte behou. 'n Federale grondwet sou elke kolonie in staat stel om met die uitsondering van spesifieke sake soos spoorweë, doeane en pos- en telegraafwese, beheer oor sy eie sake te behou, gedagtig hier aan Nie-Blanke sake. In die Oranjerivier- en Transvaalkolonie sou dieselfde resepe gevolg kon word.<sup>35</sup>

Die ontwerpgrondwet vir 'n unie wat die Nasionale Konvensie as die beste vorm van vereniging van die Suid-Afrikaanse kolonies voorgestel het, is heftig deur die Swart politieke organisasies in die Oranjerivierkolonie gekritiseer. Die *Becoana Mutual Association* wat daarop aanspraak gemaak het dat hy ongeveer 25 000 Nie-Blankes van Thaba Nchu en omgewing verteenwoordig het, het tydens 'n vergadering op

31. C O 653, lêrn. 2606/06: Petition Native Vigilance Committee aan Luitenant-goewerneur, 23.6.1906, p 17.
32. G 51, lêrn. 103/07: D H Mapikela aan Q Dickson, 8.8.1907, p 162.
33. F B Bridgman, *The Native Franchise in the Union of South Africa* (D.Phil.-proefskrif, University Microfilms, Michigan, 1968), p 92; A P Newton (red.), *Select documents relating to the unification of S A*, 11 (Londen, 1924), art. XL1, p 193; 1, art. XVIII, pp 195–196; 1, art. XXI (10) en art. XXIX.
34. G 51, lêrn. 103/07: Mapikela aan Dickson, 8.8.1907, p 162; G H 35/85: Resolutions S A Native Congress, 10.4.1906 (Extract of Resolution A, B, The Native Question).
35. *The Friend*, 29.11.1907; *De Vriend des Volks*, 3.12.1907.

Thaba Nchu op 20 Maart 1909 die ontwerp-Suid-Afrikawet as 'n bedreiging van die vrede, welvaart en harmonie in Suid-Afrika bestempel.<sup>36</sup> Die bepalinge met betrekking tot die regte van die Swartes is as nie-liberaal en onregverdig beskryf. Die regte van die Swartes as Britse onderdane is na bewering nie voldoende beskerm nie. Die kleurskeidslyn waarvoor die ontwerpwet voorsiening gemaak het, is deur die organisasie as 'n onderdrukkende maatreël beskou, want dit het die Swartes van stemreg weerhou. Die beginsel van 'n kleurskeidslyn was ook onversoenbaar met die beginsel van Britse vryheid en die konstitusies van die Kaapkolonie en Groot-Brittanje. Die *Becoana Mutual Association* het besluit om die Britse regering te vra om die diskriminerende bepalinge te wysig.<sup>37</sup>

Die kritiek van die organisasie was veral teen artikels 25 en 44 van die ontwerp-wet gemik. Dié artikels het die Swartes verhinder om hulle stemreg in die Unieparlement uit te oefen en lede van die parlement te word. In 'n versoekskrif het die organisasie hom oor die verteenwoordiging van die Nie-Blanke rasse van Suid-Afrika in die Unieparlement uitgespreek.<sup>38</sup> Die versoekskrif, wat goewerneur Goid-Adams aan die koloniale kantoor moes stuur, het aangedring op gelyke politieke regte vir Blank en Nie-Blank en op die beskerming van dié regte onder die toekomstige Unie-regering. Verder is voorgestel dat Thaba Nchu en Witsieshoek onder artikel 14 van die byvoegsel tot die Suid-Afrikawet ingesluit word. So 'n stap sou die twee reservate in dieselfde kategorie as Basoetoland (Lesotho), Betsjoeanaland-Protectoraat (Botswana) en Swaziland geplaas het, almal onder direkte imperiale bestuur, onafhanklik van die Brits-Suid-Afrikaanse kolonies. Volgens Goid-Adams egter, sou uitvoering van dié voorstel 'n presedent vir die talle Nie-Blanke woonbuurtes in die Kaap-, Transvaal- en Natalkolonie geskep het om soortgelyke insluiting te eis. Sodanige insluiting sou heftige reaksie van die Blanke inwoners van die betrokke kolonies uitlok en veroorsaak dat die unifikasie van die kolonies vir 'n onbepaalde tydperk uitgestel word.<sup>39</sup>

Die resolusies van die *Becoana Mutual Association* is deur die *South African Native Convention* wat in Maart 1909 in Waaihoek buite Bloemfontein vergader het, herhaal en uitgebrei. Al die Nie-Blanke organisasies en verenigings van Suid-Afrika en Betsjoeanaland was by die konvensie verteenwoordig. Die doel van die konvensie was om die posisie van die Nie-Blanke soos in die ontwerp-Suid-Afrikawet vervat, verder te bespreek. Die voorsitter was ds. Joel Goronyane van Thaba Nchu. Die betekenis van hierdie konvensie was dat daar vir die eerste keer in die geskiedenis van Suid-Afrika 'n gesamentlike byeenkoms van Nie-Blanke afgevaardigdes uit al vier kolonies plaasgevind het. Dit het getoon dat die Nie-Blanke van Suid-Afrika tot verenigde optrede in staat was, 'n posisie waarin die Blankes van Suid-Afrika op die vooraand van unifikasie skynbaar nog nie was nie.<sup>40</sup>

Die *S A Native Convention* het die volgende resolusies eenparig aanvaar:

1. Die beginsel van 'n unie van Suid-Afrika en die noodsaaklikheid van so 'n unie vir die vooruitgang van al vier kolonies en hulle Britse onderdane is erken.
2. Die imperiale regering het fundamentele en besondere verpligtinge teenoor die Nie-Blanke van Suid-Afrika gehad. Hy was gebonde om aan hulle dieselfde mate van

36. C O 908, lêrn. 826/14/1908—1910: Goid-Adams aan Crewe (Resolution Meeting of *Becoana Mutual Association*), 7.6.1909, pp 1—4.

37. *Ibid.*, pp 2 en 4.

38. Fischer-versameling, Vrystaatse Argiefbewaarpark, A 59/10/17: Goid-Adams aan Crewe, 7.6.1909.

39. G 20, lêrn. 35/16: Goid-Adams aan Minister van Kolonies, 7.6.1909, p 72.

40. *De Vriend des Volks*, 26.3.1909; *The Friend*, 25.3.1909.

geregtigheid en konsiderasie as aan die Blankes te verleen, soos gelyke verteenwoordiging in die parlement, wat ook 'n fundamentele reg was.

3. 'n Kleurskeidslyn ("colour bar") in die ontwerpwet is streng afgekeur. Dit was 'n basiese fout en was onregverdig. Die konvensie het aangedring op 'n klousule wat gelyke regte en voorregte sonder diskriminasie teen kleur, klas of geloof, aan alle Britse onderdane in die kolonies verleen — soos die geval in die Kaapkolonie was.

4. Aan die vereistes van artikel 8 van die Vrede van Vereeniging, wat 'n oop deur vir die verlening van stemreg aan die Nie-Blankes gelaat het, is nog nie voldoen nie.

5. Die *S A Native Convention* het sy opregte waardering betuig vir die toegewings wat die hoë kommissaris, lord Selborne, vir die Nie-Blankes in die ontwerp-Suid-Afrikawet gemaak het.<sup>41</sup>

Op 28 April 1909 is die resolusies deur 'n massavergadering van Nie-Blankes op Thaba Nchu bekragtig.<sup>42</sup>

Goewerneur Goold-Adams se verdere kommentaar aan lord Crewe, Minister van Kolonies, oor die politieke eise van die Nie-Blankes was: "It is an undoubted fact that the far larger portion of the white residents of this Colony are at the present time keenly opposed to granting to the coloured races any political privileges".<sup>43</sup> Hyself het nie die verlening van politieke regte in daardie stadium as wenslik beskou nie, en die regering onder leiding van premier Abraham Fischer was ook nie bereid om die Nie-Blankes op gelyke voet met die Blankes te plaas nie. Premier Fischer en sy kabinet het die dryfkragte onderliggend aan bogenoemde resolusies aan die politieke agitasies van onverantwoordelike Blankes toegeskryf. Die Nie-Blankes is na hulle mening aangespoor om te agiteer vir politieke regte waarvan hulle vanweë 'n gebrek aan westerse beskawingsbeginsels net 'n vae begrip gehad het.<sup>44</sup>

Lord Crewe het, gedagtig aan H Goold-Adams se kommentaar, die *Becoana Mutual Association* meegedeel dat artikel 147 van die ontwerp-Suid-Afrikawet gewysig is om groter beskerming aan Nie-Blanke belange te verleen, maar sonder om hulle direkte politieke verteenwoordiging in die Unieparlement te gee. Die reservaatgronde van Thaba Nchu en Witsieshoek kon slegs deur 'n wet van die Unieparlement vervreem word, net soos dit voor uniewording slegs deur 'n wet van die Oranjerivierkolonie vervreem kon word.<sup>45</sup>

Die besluit van die Nasionale Konvensie, wat in Mei 1909 vir die laaste keer in Bloemfontein gesit het, om die Kaapse Nie-Blanke stemreg te behou, maar dit nie na die noordelike kolonies uit te brei nie, het die Swart en ander Nie-Blanke politieke organisasies van die Brits-Suid-Afrikaanse kolonies finaal oorreed om 'n afvaardiging na Londen te stuur om die resolusies met die imperiale regering te bespreek.<sup>46</sup> Soos Joel Goronyane dit uitgedruk het: "He (Goronyane) did not adopt the principle of accepting the half loaf". Daar sou voortgegaan word om op konstitusionele wyse vir die Swartes se eise te veg en om die beleid van segregasie wat, volgens hulle, rassehaat bevorder het, ongedaan te maak.<sup>47</sup>

41. G 113, lêernr. 461/6: A K Soga aan Goewerneur, 27.3.1909, pp 147–148; *The Friend*, 25.3.1909 en 27.3.1909.

42. C O 908, lêernr. 826/14/1908–1910: Goold-Adams aan Crewe (Resolution Meeting of Becoana Mutual Association), 7.6.1909, pp 1–2 en 4.

43. C O 904, lêernr. 826/14/1908–1910: Goold-Adams aan Crewe, 7.6.1909, pp 1–2.

44. G 20, lêernr. 35/16: A Fischer aan Goold-Adams, 24.6.1909.

45. C O 904, lêernr. 826/14/1908–1910: Koloniale Sekretaris aan Goold-Adams, 1.9.1909.

46. G 113, lêernr. 461/6: Goold-Adams aan Crewe, 21.6.1909, p 163.

47. *The Friend*, 25.3.1909.



Die inisiatief om 'n afvaardiging na Londen te stuur, het hoofsaaklik uitgegaan van die *O R C Native Association*, die *Becoana Mutual Association* en die *African Political Organization*. Die president van die *O R C Native Association*, dr. W B Rubusana, het die regering van die Oranjerivierkolonie meegedeel dat die afvaardiging na Londen uit sewe man sou bestaan. Die getal het homself, T M Mapikela wat as sekretaris van die Uitvoerende Komitee van die *Native Association* opgetree het, en dr. A Abdurrahman van die *African Political Organization* ingesluit. W P Schreiner, 'n parlamentslid van die Kaapkolonie, het as woordvoerder saamgereis.<sup>48</sup>

In Londen sou die afvaardiging nie in sy doel slaag nie, maar met die tweede beste tevrede moes wees. Die beste wat hulle kon bereik, was 'n belofte dat die Goewerneur-generaal van die Unie van Suid-Afrika, kragtens artikel 35 van die Suid-Afrikawet, verplig sou wees om enige Nie-Blanke wetsontwerp vir die goedkeuring van die koning te reserveer.<sup>49</sup> Lord Crewe het in die Britse hoërhuis verklaar dat dit nie wenslik was om die wetsontwerp wat deur al vier die Suid-Afrikaanse kolonies goedgekeur is, te wysig nie. Wysigings in daardie stadium sou slegs onenigheid tussen die kolonies veroorsaak en die unifikasiepoging belemmer.<sup>50</sup> Die Suid-Afrika-wetsontwerp is hierop deur die Koning onderteken en het op 31 Mei 1910 van krag geword.<sup>51</sup>

Thomas Mapikela, die Swart politieke verteenwoordiger van die *O R C Native Association* in die afvaardiging na Londen, het onmiddellik ná sy terugkeer die kolonie deurreis om aan die Swartes die betekenis van die betrokke Nie-Blanke bepaling van die Suid-Afrikawet te verduidelik. Die Swartes, wat sy vergaderings goed bygewoon het, was volgens hom tevrede met die uitslag van die afvaardiging se besoek aan Londen. Hulle het begryp dat die oplossing van die Nie-Blanke vraagstuk aan die Unieparlement oorgelaat moes word. Mapikela het hulle verseker dat die regering alles in sy vermoë sou doen om hulle tegemoet te kom.<sup>52</sup>

Individuele Swartes het nie so gelukkig oor die uitslag van die afvaardiging na Londen gevoel nie. 'n Swart korrespondent van Waaihoek het op grond van die Blankes se vooroordele jeens die Nie-Blankes, die Blankes se vermoë om die Nie-Blanke vraagstuk te hanteer, in twyfel getrek.<sup>53</sup> Ook *Imvo*, die Suid-Afrikaanse Nie-Blanke koerant, was oortuig dat die Nie-Blankes in hulle stryd om politieke regte na uniewording, 'n lang en harde pad voor gehad het, veral omdat aanvaar moes word dat Brittanje nie langer na hulle belange sou omsien nie.<sup>54</sup>

In die ander drie Brits Suid-Afrikaanse kolonies, Transvaal, Natal en die Kaapkolonie, het die verloop van die Nie-Blanke aandrang op politieke verteenwoordiging merkwaardig ooreengestem met dié van die Oranjerivierkolonie. Ten spyte van 'n aktiewe Swart elite aan die spits van politieke organisasies soos onder andere die *South African Native Congress* en die *Transkei Native Vigilance Association* in die Kaapkolonie, die *Natal Native Congress* en die *Transvaal Native Congress*, elk gerugsteun deur 'n Swart nuusblad as mondstuk, was hulle invloed op die verloop van die Blanke politieke bestel net so onbeduidend as dié van hul eweknieë in die Oranjerivierkolonie.<sup>55</sup>

48. G 113, lêernr. 461/6: Gool-Adams aan Crewe, 21.6.1909, p 163.

49. G B Pyrah, *Imperial Policy and the Union of South Africa, 1902—1910* (Oxford, 1955), p 124.

50. *The Friend*, 4.8.1909 en 29.7.1909.

51. C F J Muller (red.), *500 Jaar S A Geskiedenis* (Pretoria, 1968), p 340.

52. C O 908, lêernr. 826/16/1908—1910: C le Camp aan Koloniale Sekretaris, 29.11.1909.

53. *The Friend*, 10.8.1909.

54. *Ibid.*, 23.8.1909.

55. Vgl. A. Odendaal, *The development of African organisational politics in South Africa, with particular emphasis on the responses of Africans to the process of unification 1899—1910* (Ongepubliseerde M A -verhandeling, U S, 1980), hoofstuk 4—5, 8 en 9, pp 255 en 467—471.

Die houding van die Swart leiers en waarnemers op die vooraand van unifikasie het verskillende gemoedstemminge verraaï. Daar was pessimisme en wantroue oor die politieke toekoms van die Swartmense, maar ook hoop en vasberadenheid om die stryd ná unifikasie voort te sit. Hulle was hoogs ontevrede met die politieke situasie soos dit deur die Suid-Afrikaanse en Britse regerings gereël is. Hulle einddoel was sonder twyfel om op konstitusionele wyse stemreg in die sentrale regering te verkry. Hulle gematigde houding het hulle egter nie daarvan weerhou om 'n aggressiewe houding in te neem nie — soos uit die *SA Native Convention* se vergadering blyk. Dié houding het voortgespruit uit 'n ontwakende nasionale gevoel wat uitdrukking gevind het in die eise vir politieke regte en die beskuldigings van onregverdigheid en hardvogtigheid waaraan die Blankes hulle skuldig sou gemaak het.

Daar het geen twyfel bestaan oor die politieke ontwaking van die Swart organisasies in die Oranjerivierkolonie en die ander genoemde kolonies nie. Hulle het oor geskoolde leiers beskik wat op georganiseerde wyse die sentrale sowel as plaaslike owerhede vir politieke regte gepeetioneer het. Dat hulle geen sukses behaal het nie, het hulle nie ontmoedig nie. Die *South African Native Convention*, wat die gekonsolideerde optrede van die Nie-Blanke organisasies weerspieël het, het ondubbelsinnig te kenne gegee dat die stryd om Nie-Blanke regte ná uniewording voortgesit sou word.